



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Price 10c Prys
Overseas 15c Oorsee
POST FREE—POSVRY

VOL. 48.]

CAPE TOWN, 27TH JUNE, 1969.

KAAPSTAD, 27 JUNIE 1969.

[No. 2453.]

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 1087. 27th June, 1969.

No. 1087. 27 Junie 1969.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 83 of 1969: Aviation Amendment Act, 1969.

No. 83 van 1969: Wysigingswet op Lugvaart, 1969.

ACT

To amend the provisions of the Aviation Act, 1962, relating to definitions and the making of regulations; so as to provide for the sale of intoxicating liquor, in or on certain premises at aerodromes established by the State, for consumption outside the Republic; and to provide for incidental matters.

*(English text signed by the State President.)
(Assented to 18th June, 1969.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 74 of 1962, as amended by section 3 of Act 12 of 1965.

1. Section 1 of the Aviation Act, 1962 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the definition of "aircraft" of the following definition:

"'aircraft' means any machine that can derive support in the atmosphere from the reactions of the air other than the reactions of the air against the earth's surface;"

Amendment of section 6bis of Act 74 of 1962, as inserted by section 4 of Act 12 of 1965.

2. Section 6bis of the principal Act is hereby amended—
(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, the Minister may—

(a) through the Department of Transport undertake the sale of intoxicating liquor for consumption in or on the premises referred to in subsection (3) of this section, subject to the provisions of section 5 (3) of the Liquor Act, 1928 (Act No. 30 of 1928), other refreshments, smokers' requisites, reading-matter and such other goods as the Minister may deem fit, at any aerodrome established and maintained in terms of section 6, and the sale, in any transit area designated under subsection (4) of this section at any such aerodrome, of intoxicating liquor for consumption outside the Republic;

(b) grant permission to any person or to two or more persons jointly or separately to sell, subject to such conditions as the Minister may impose when granting such permission or as may be prescribed, at any such aerodrome any one or

WET

Tot wysiging van die bepalings van die Lugvaartwet, 1962, met betrekking tot woordomsrywings en die uitvaardiging van regulasies; ten einde voorsiening te maak vir die verkoop, in of op sekere geboue by vliegvelde deur die Staat opgerig, van sterk drank vir gebruik buite die Republiek; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 18 Junie 1969.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel 1 van die Lugvaartwet, 1962 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—
 - (a) deur na die woordomskrywing van „Konvensie” die volgende woordomskrywing in te voeg:

„lugvaartuig’ ’n masjien wat in die atmosfeer deur die reaksie van die lug, behalwe die reaksie van die lug teen die aarde se oppervlakte, steun kan kry;”;

en
 - (b) deur die woordomskrywing van „vliegtuig” te skrap.

Wysiging van artikel 1 van Wet 74 van 1962, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 12 van 1965.

2. Artikel 6*bis* van die Hoofwet word hierby gewysig—
 - (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Ondanks andersluidende bepalings van enige wet kan die Minister—

 - (a) deur middel van die Departement van Vervoer die verkoop van sterk drank vir gebruik in of op die gebou bedoel in subartikel (3) van hierdie artikel, behoudens die bepalings van artikel 5 (3) van die Drankwet, 1928 (Wet No. 30 van 1928), ander verversings, rookartikels, leesstof, en die ander goedere wat die Minister goedvind, onderneem by ’n vliegveld wat ingevolge artikel 6 opgerig is en in stand gehou word, en die verkoop, in ’n transitogebied kragtens subartikel (4) van hierdie artikel by so ’n vliegveld aangewys, van sterk drank vir gebruik buite die Republiek, onderneem;
 - (b) aan iemand of aan twee of meer persone gesamentlik of afsonderlik toestemming verleen om, onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister oplaê wanneer hy sodanige toestemming verleen of wat voorgeskryf is, by enige sodanige vliegveld

Wysiging van artikel 6*bis* van Wet 74 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 4 van Wet 12 van 1965.

Act No. 83, 1969

AVIATION AMENDMENT ACT, 1969.

more of or all the following classes of goods, namely, intoxicating liquor for consumption in or on the premises referred to in subsection (3) of this section, subject to the provisions of section 5 (3) of the Liquor Act, 1928, other refreshments, smokers' requisites, reading-matter and such other goods as the Minister may deem fit, and, in any transit area designated under subsection (4) of this section at any such aerodrome, intoxicating liquor for consumption outside the Republic: Provided that such permission to sell intoxicating liquor shall not be granted to a person to whom, in terms of the provisions of section 65 of the Liquor Act, 1928, a bar licence may not be granted, or to a producer, manufacturer, brewer, agent, nominee, person or company contemplated in section 114*ter* of the said Act."; and

(b) by the addition of the following subsection:

"(6) Any person who consumes at any place within the Republic any intoxicating liquor sold in terms of subsection (1) for consumption outside the Republic, shall be guilty of an offence."

Amendment of section 22 of Act 74 of 1962, as amended by section 5 of Act 12 of 1965.

3. Section 22 of the principal Act is hereby amended by the insertion after paragraph (n) of subsection (1) of the following paragraph:

"(nA) the regulation of the lighting or marking, for the purpose of ensuring the safe operation of aircraft, of any obstruction exceeding a prescribed height;"

Substitution of certain words and expressions in Act 74 of 1962.

4. (1) There is hereby substituted for the words "vliegtuig" and "vliegtuie", wherever they occur in the principal Act in the Afrikaans text, the words "lugvaartuig" and "lugvaartuie" respectively.

(2) There is hereby substituted for any compound word or any expression, of which the word "vliegtuig" or "vliegtuie" forms a part, whenever such compound word or expression occurs in the principal Act in the Afrikaans text, the corresponding compound word, or the corresponding expression, of which the word "lugvaartuig" or "lugvaartuie", as the case may be, forms a part.

Amendment of section 5 of Act 30 of 1928, as amended by section 2 of Act 41 of 1934, section 1 of Act 88 of 1963, section 1 of Act 6 of 1965, section 1 of Act 12 of 1965 and section 1 of Act 23 of 1969.

5. Section 5 of the Liquor Act, 1928, is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of subsection (3) of the following paragraph:

"(b) For the purposes of this Act any premises at an aerodrome established in terms of section 6 of the Aviation Act, 1962, in or on which liquor is sold in terms of section 6*bis* of the said Act, whether through the Department of Transport or by any other person, shall, in so far as such liquor is so sold for consumption in or on the premises, be deemed to be premises in respect of which a bar licence has been issued under this Act, and the person in charge of such premises shall be deemed to be the holder of such licence and to be the employer of all persons working in or on such premises."

Short title.

6. This Act shall be called the Aviation Amendment Act, 1969.

WYSIGINGSWET OP LUGVAART, 1969.

Wet No. 83, 1969

een of meer van of al die volgende klasse goedere, naamlik, sterk drank vir gebruik in of op die gebou bedoel in subartikel (3) van hierdie artikel, behoudens die bepalings van artikel 5 (3) van die Drankwet, 1928, ander verversings, rookartikels, leesstof en die ander goedere wat die Minister goedvind, en, in 'n transitogebied kragtens subartikel (4) van hierdie artikel by so 'n vliegveld aangewys, sterk drank vir gebruik buite die Republiek, te verkoop: Met dien verstande dat sodanige toestemming om sterk drank te verkoop nie verleen mag word nie aan iemand aan wie, ingevolge die bepalings van artikel 65 van die Drankwet, 1928, 'n kantienlisensie nie verleen mag word nie, of aan 'n produsent, vervaardiger, brouer, agent, genomineerde, persoon of maatskappy beoog in artikel 114*ter* van genoemde Wet.”; en

(b) deur die volgende subartikel by te voeg:

„(6) Iemand wat op enige plek binne die Republiek sterk drank gebruik wat ingevolge subartikel (1) vir gebruik buite die Republiek verkoop is, is aan 'n misdryf skuldig.”.

3. Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig deur na paragraaf (n) van subartikel (1) die volgende paragraaf in te voeg:

„(nA) die reëling, met die doel om die veilige eksploitasie van lugvaartuie te verseker, van die verligting of merk van 'n versperring wat 'n voorgeskrewe hoogte oorskry;”.

Wysiging van artikel 22 van Wet 74 van 1962, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 12 van 1965.

4. (1) Die woorde „vliegtuig” en „vliegtuie” word hierby oral waar hulle in die Hoofwet voorkom deur onderskeidelik die woorde „lugvaartuig” en „lugvaartuie” vervang.

(2) 'n Saamgestelde woord of 'n uitdrukking waarvan die woord „vliegtuig” of „vliegtuie” deel uitmaak, word hierby oral waar so 'n saamgestelde woord of uitdrukking in die Hoofwet voorkom, vervang deur die ooreenstemmende saamgestelde woord of die ooreenstemmende uitdrukking waarvan die woord „lugvaartuig” of „lugvaartuie”, na gelang van die geval, deel uitmaak.

Vervanging van sekere woorde en uitdrukkings in Wet 74 van 1962.

5. Artikel 5 van die Drankwet, 1928, word hierby gewysig deur paragraaf (b) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(b) By die toepassing van hierdie Wet word 'n gebou by 'n vliegveld, wat ingevolge artikel 6 van die Lugvaartwet, 1962, opgerig is, waarin of waarop drank ingevolge artikel 6*bis* van genoemde Wet verkoop word, hetsy deur die Departement van Vervoer of deur enige ander persoon, geag, vir sover sodanige drank aldus vir gebruik in of op die gebou verkoop word, 'n gebou te wees ten opsigte waarvan 'n kantienlisensie kragtens hierdie Wet uitgereik is, en word die persoon onder wie se beheer daardie gebou staan, geag die houer van daardie lisensie en die werkgewer van alle persone wat in of op daardie gebou werk, te wees.”.

Wysiging van artikel 5 van Wet 30 van 1928, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 41 van 1934, artikel 1 van Wet 88 van 1963, artikel 1 van Wet 6 van 1965, artikel 1 van Wet 12 van 1965 en artikel 1 van Wet 23 van 1969.

6. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Lugvaart, 1969.

Kort titel.